

# Mekaar



## Inhoudsopgawe

Wie is Bellville-Oos gemeente?.....	2
Wat is 'n kleingroep?.....	3
Mekaar tekste.....	5
1. Wees lief vir mekaar.....	6
2. Lede van mekaar.....	9
3. Hartlikheid en eerbied vir mekaar.....	11
4. Dra mekaar se belange op die hart.....	13
5. Wees eensgesind onder mekaar.....	15
6. Help mekaar op die regte weg.....	17
7. Verdra mekaar.....	20
8. Vergewe mekaar.....	22
9. Bemoedig mekaar.....	24
10. Ander mekaar tekste.....	26

## **Wie is Bellville-Oos gemeente?**

### **Missie:**

Bellville-Oos is 'n gemeente van Jesus Christus wat tot God se eer christene toerus in verdiepte aanbidding, verdiepte verhoudings met mekaar en om deur opbouende verhoudings 'n verskil te maak in die Noordelike Voorstede van die Kaap.

### **Visie:**

Nader aan die Here, nader aan mekaar, nader aan die wêreld om Christus te dien!

God se kinders staan in drie baie belangrike verhoudings:

- Verhouding met die Here
- Verhouding met mekaar
- Verhouding met die wêreld.

Dit is ons gebed dat jy in die kleingroep nader aan die Here sal groei, nader aan mekaar sal groei en 'n invloed sal hê in die wêreld.

## **Wat glo ons?**

(1) Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde. (2) En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here; (3) wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria; (4) wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en wat die angste van die hel tot in die dood toe ondergaan het; (5) wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dood; (6) opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, (7) waarvandaan Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel. (8) Ek glo in die Heilige Gees. (9) Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges; (10) die vergewing van sondes; (11) die opstanding van die liggaam (12) en 'n ewige lewe.

## WAT IS 'N KLEINGROEP?

Vrywillige saamgroepering van mense, in gehoorsaamheid aan die opdragte van God, met 'n gemeenskaplike Goddelike doel, toegewyd aan God-drie-enig.

## WAT MOET IN 'N KLEINGROEP GEBEUR?

- Verantwoordelik vir/aan **mekaar** (liefde) (*hier begin die tug*)
- Elke lid moet tuis voel
- Onderlinge gemeenskap/verhoudings
- Begeleiding tot geestelike groei
- Gerig op gemeente
- Gerig op uitbreiding van die Koninkryk
- Genade gee, ontvang en beleef
- Groei (geestelik en in getalle) en vermenigvuldig
- Gawes word geïdentifiseer, ontwikkel en gebruik binne en buite die groep
- Goeie rentmeesterskap van tyd, geld en besittings

## WAT KAN EK VAN DIE KLEINGROEP VERWAG?

- Gereelde byeenkomste
- Kontak met mense soos jy wat in ons kerk wil wees
- Praktiese ondersteuning deur mense wat vir **mekaar** omgee
- 'n Omgewing waar jy geestelik kan groei en kan leer hoe om die Woord uit te dra
- Platform om temas te bespreek en Bybelse kennis te verbreed
- Dienswerkprojekte vir ondersteuning
- Mense wat vir jou bid
- 'n Geleentheid om vir ander tot hulp te wees

## WAT WORD VAN MY VERWAG AS KLEINGROEPLID?

### 1. Onvoorwaardelike liefde

Die gedagte van kleingroep is om vir mekaar lief te wees. Hier sal ek probeer dat niks in die pad staan vir my liefde vir mekaar nie. Al kom daar tye dat ek nie saam met ander stem oor

hulle sienings en opinies nie, sal ek steeds die mense liefhê. My liefde sal ook uitreik na ander wat nog nie in die groep is nie en poog om hulle in te trek en deel te maak van die kleingroep.

## **2. Algehele beskikbaarheid**

Stel jouself, jou tyd, gawes, energie, insig en wysheid beskikbaar vir die groep. Maak 'n verbintenis tot die groep en maak dit prioriteit in jou lewe. Hier is so baie geleentheid vir bediening.

## **3. Getroue aanbidding**

Bid vir mekaar. Dit is wat die Here van ons verwag. Bid sonder ophou dat die Here die lede en die byeenkomste sal seën.

## **4. Groter openheid**

Hier is die plek om jou gevoelens, jou stryd, jou swaarkry en jou vreugdes te deel. Vertrou die groep met wat op jou hart is en skep 'n vertrouensband dat almal vrymoedig kan deel. Wees altyd eerlik.

## **5. Sensitieweit vir ander**

Wees ingesteld op die ander se behoeftes. Kyk met Christus se oë, luister met Sy ore en gee om met Sy hart.

## **6. Waaragtige vertroulikheid**

Moenie uitpraat oor vertroulike dinge wat binne die groep gesê word nie. Skep altyd 'n atmosfeer waar sekuriteit heers.

## **7. Volkome beheer deur die Heilige Gees**

Laat jou ten volle deur die Heilige Gees lei oor waar God jou will plaas en gebruik in die wêreld. Lewe onder beheer van die Heilige Gees en stel jouself en jou gawes tot diens van God.

## **8. Getroue bywoning**

Maak 'n verbintenis en woon elke kleingroepbyeenkoms gereeld en stiptelik by. Maak verskoning as jy in uitsonderlike gevalle nie kan bywoon nie.

## **9. Dankoffer**

Onthou om ook jou dankofferbydrae getrou te gee.

## MEKAAR-TEKSTE

- Bewys eerbied teenoor mekaar Rom 12:10
- Wees eensgesind onder mekaar Rom 12:16; 1 Pet 3:8
- Aanvaar mekaar Rom 15:7
- Onderrig mekaar Rom 15:14
- Gebruik gawes vir mekaar 1 Kor 12:7; 1 Pet 4:10
- Onderlinge mededeelsaamheid 2 Kor 8:13–15
- Groet mekaar 2 Kor 13:12
- Dien mekaar in liefde Gal 5:13
- Dra mekaar se laste Gal 6:2
- Wees goed vir mekaar Ef 4:32; 1 Tess 5:15
- Vergewe mekaar Ef 4:32
- Sien om na mekaar se belange Fil 2:3–4
- Wees geduldig met mekaar Kol 3:13
- Mekaar liefhê Kol 3:14; 1 Joh 4:11–12
- Leer en onderrig mekaar Kol 3:16
- Moedig mekaar aan 1 Tess 5:11; Heb 10:25
- Versterk mekaar 1 Tess 5:11
- Lewe in vrede met mekaar 1 Tess 5:13
- Moedig mekaar tot liefde en goeie werke aan Heb 10:24
- Bely sondes teenoor mekaar Jak 5:16
- Bid vir mekaar Jak 5:16
- Wees gasvry teenoor mekaar 1 Pet 4:9

## 1. Wees lief vir mekaar

### **VERWELKOMING:**

**5 MIN**

Gee vir elkeen kans om te vertel hoe dit met hulle gaan, maar onthou: dis 5 minute vir almal!

### **YSBREKER:**

**20 MIN**

- Hoe sal jy die woord "LIEFDE" definieer?
- Wat maak iemand 'n goeie Christen?

### **AANBIDDING:**

**5 MIN**

Sing Lied 530:1-3 as groep saam:

1. Praat ek mense-, eng'letale,  
maar dis nie uit liefde nie,  
is my woorde hol simbole:  
klanke sonder melodie.  
Al kan ek geheime uitlê,  
berge deur geloof versit,  
of al het ek al die kennis -  
sonder liefde is ek niks.

2.  
Sonder liefde sal my gawes,  
al my ywer, my nie baat:  
Net die liefde, onbaatsugtig,  
bly oorwin met goed die kwaad.  
Onreg kan dit nie verdra nie,  
dit is met die waarheid bly.  
Deur vergifnis, hoop, verwagting,  
kom die beste in ons vry.

3. Al die tale, profesieë,  
met die tyd gaan dit verby.  
Net die liefde, die volmaakte,  
kom en sal vir altyd bly.  
Want geloof gee troos en rigting;  
na die toekoms reik die hoop -  
liefde is en bly die grootste:  
Liefde sluit die lewe oop.

Lees Johannes 13:34 en 35.

Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. <sup>35</sup> As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is.

- Laat elkeen sê wat hom/haar in hierdie gedeelte getref het.
- Hoe verskil hierdie gebod van die twee groot Ou Testamentiese gebooe waarna Jesus verwys in Matteus 22? Wat maak dit nuut?

Deuteronomium 6:5: *“Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag.”*

Levitikus 19:18: *“jy moet jou naaste liefhê soos jouself.”*

- Dallas Willard definieer liefde as volg:

Liefde: Om te wil wat vir die ander die beste is

Stem julle hiermee saam? Is dit wat Jesus se liefde beteken?

- Wat beteken dit vir ons “liefde” vir mekaar?
- Hoekom sal ons liefde vir mekaar wys dat ons dissipels is? Hoekom nie ons kennis of ons gebede of ons kerkbesoek of ons gemeente lidmaatskap nie?
- Hierdie is die enigste gebod wat Jesus vir ons gee. Waarom is dit SÓ belangrik vir Hom?
- Hoe pas Galasiërs 5:13 hierby in: *“julle is tot vryheid geroep. Moet net nie julle vryheid misbruik as 'n verskoning om sonde te doen nie, maar dien mekaar in liefde.”*
- Lees ook Kolossense 3:14: *“Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind.”*

En 1 Johannes 4:19-21: *“Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het. <sup>20</sup> As iemand sê: “Ek het God lief,” en hy haat sy broer, is hy 'n leuenaar; want wie sy broer, wat hy kan sien, nie liefhet nie, kan onmoontlik vir God liefhê, wat hy nie kan sien nie. <sup>21</sup> En hierdie gebod het ons van Hom gekry: Wie vir God liefhet, moet ook sy broer liefhê.”*

Ons wil graag sien dat elke kleingroep 2 dienswerkprojekte per jaar aanpak, 1 in die gemeente en 1 buite die gemeente. Bespreek met mekaar wat kan julle as kleingroep aanpak om IN die gemeente liefde te bewys of mense te help om liefde te bewys.

**GEBEDSRIGLYN:****10 MIN**

Hoe beleef ons God se liefde in ons lewe?

Hoe kan ons liefde vir mekaar bewys?

Gee vir elkeen in die groep geleentheid om een aspek van elkeen in gebed aan die Here op te dra.

**ADMINISTRASIE:****5 MIN**

## 2. Lede van mekaar

### VERWELKOMING:

**5 MIN**

Gee vir elkeen kans om te vertel hoe dit met hulle gaan, maar onthou: dis 5 minute vir almal!

### YSBREKER:

**20 MIN**

- Laat elkeen sê watter gawes hy/sy het. Laat die hele groep by elkeen byvoeg soos hulle dit beleef.
- Wat is die verskil tussen trots wees en hoogmoedig wees?
- Laat elkeen sê wat sy/haar grootste swakpunt is.

### AANBIDDING:

**5 MIN**

Bespreek met mekaar die volgende: *Hoe beleef jy God elke dag.* Gee dan geleentheid vir stilgebed om hierdie naby verhouding met God te be-LEEF.

### BYBELSTUDIE:

**40 MIN**

Lees Romeine 12:3-5. Laat elkeen een vers hardop lees.

<sup>3</sup> Kragtens die genade wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen van julle: Moenie van jouself meer dink as wat jy behoort te dink nie. Nee, lê jou liever daarop toe om beskeie te wees in ooreenstemming met die maat van geloof wat God aan elkeen toebedeel het. <sup>4</sup> Ons het baie lede in een liggaam, en die lede het nie almal dieselfde funksie nie. <sup>5</sup> Net so is ons, al is ons baie, in Christus een liggaam, en almal afsonderlik lede van mekaar.

- Laat elkeen sê wat hom/haar in hierdie gedeelte getref het.
- Hoekom is dit nodig om beskeie te wees en nie meer van jouself te dink nie as dit oor die geestelike gawes gaan?
- Waarom is die verskeidenheid van gawes belangrik?
- Die beeld van die geloofsgemeenskap as die liggaam van Christus is 'n baie belangrike en sterk beeld. Waarom is dit so belangrik dat ons "in Christus een liggaam" is?
- Wat beteken dit dat ons "lede van mekaar" is?
- Een van die beginsels wat die beeld van die liggaam baie duidelik oordra, is dié van eenheid in verskeidenheid. Dink julle hierdie beginsel is noodsaaklik dat God se droom vir ons gemeente kan waar word?
- Hoe sal ons groep en ons gemeente beter kan funksioneer wat betref die eenheid in verskeidenheid beginsel?

**DIENSWERK:****5 MIN**

Bespreek met mekaar wat kan julle as kleingroep aanpak om buite die gemeente liefde te bewys of mense te help om liefde te bewys.

**GEBEDSRIGLYN:****10 MIN**

Watter mense is daar wat julle as groep voor kan bid?

Dink aan mense wat:

- Siek is
- Alleen is
- Swaar kry
- Voor moeilike keuses is
- Afgedwaal het

Bid nou almal saam vir hulle.

**ADMINISTRASIE:****5 MIN**

### 3. HARTLIKHEID EN EERBIED VIR MEKAAR

#### VERWELKOMING:

5 MIN

Gee vir elkeen kans om te vertel hoe dit met hulle gaan, maar onthou: dis 5 minute vir almal!

#### YSBREKER:

20 MIN

- Vertel vir die groep van jou broers en susters.
- Wat maak 'n gesinsverhouding anders as ander verhoudings?
- Wie is vir jou moeilik om regtig lief te hê? Waarom?

#### AANBIDDING:

5 MIN

Laat elkeen vertel hoe God vir hom/haar 'n Vader is. Word dan stil om net by jou Pa te wees.

#### BYBELSTUDIE:

40 MIN

Lees Romeine 12:9-10. Laat elkeen in die groep een vers hardop lees.

9 Die liefde moet opreg wees. Verafsku wat sleg is en hou vas aan wat goed is. 10 Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar; bewys eerbied teenoor mekaar en wees mekaar daarin tot voorbeeld.

- Laat elkeen sê wat hom/haar in hierdie gedeelte getref het.
- Waarom dink julle, praat die gedeelte nie net van liefde nie, maar van “hartlike broederliefde”?

Wanneer Paulus die beeld van 'n liggaam gebruik wil hy iets oordra van HOE die kerk werk. Maar wanneer hy wil praat oor die atmosfeer en emosionele klimaat in die kerk, gebruik hy dikwels die beeld van 'n familie wat mekaar liefhet.

- Alle mense is nie van nature ewe hartlik in hulle liefde nie. Hoe kan ons dit in berekening bring?
- Wat is die verskil tussen broederliefde en ander vorms van liefde? Hoekom is dit belangrik dat ons dit duidelik sal onderskei?
- Op watter manier hang eerbied vir mekaar saam met broederliefde?
- Is daar dalk dinge wat jou keer om hierdie broederliefde gemaklik te ontvang of te gee?
- Hoe kan julle groep “hartlike broederliefde” beoefen?
- Hoe kan die gemeente dit doen?

#### DIENSWERK:

5 MIN

Hoe vorder julle dienswerk IN die gemeente? Bespreek met mekaar.

**GEBEDSRIGLYN:****10 MIN**

Bespreek met mekaar wat daar is waarvoor julle wil bid na aanleiding van vandag se bespreking. Wys 4 mense aan om te bid vir:

1. Waarvoor wil ons God loof?
2. Waarvoor wil ons dankie sê?
3. Vir wie wil ons bid?
4. Wat wil ons vra?

**ADMINISTRASIE:****5 MIN**

#### 4. Dra mekaar se belange op die hart

##### **VERWELKOMING:**

**5 MIN**

Gee vir elkeen kans om te vertel hoe dit met hulle gaan, maar onthou: dis 5 minute vir almal!

##### **YSBREKER:**

**20 MIN**

- Wat is op hierdie stadium van jou lewe die belangrikste in jou lewe?
- Hoe kry jy dit reg om al die belangrike dinge die nodige aandag te gee?
- In watter area van jou lewe sou jy graag “n ekstra stel hande” of “n ekstra paar ure” wou hê?

##### **AANBIDDING:**

**5 MIN**

Die woordeboek definieer *aanbidding* as “verering van God” en “bewondering”. Waarvoor *bewonder* julle God? Hoe kan julle dit nou doen?

##### **BYBELSTUDIE:**

**40 MIN**

Lees Filippense 2:1-4. Laat elkeen in die groep een vers hardop lees.

Aangesien julle die troos in Christus ondervind het, die aansporing deur die liefde, die gemeenskap deur die Gees, die innige meegevoel en meelewing- <sup>2</sup> maak dan nou my blydskap volkome deur eensgesind te wees: een in liefde, een van hart, een in strewe. <sup>3</sup> Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. <sup>4</sup> Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander.

- Laat elkeen sê wat hom/haar in hierdie gedeelte getref het.
- Watter invloed het die ervaring van Jesus en die Heilige Gees se troos, liefde, aansporing, meegevoel en meelewing op die emosionele klimaat in 'n groep en gemeente?
- Waarom, dink julle, is daar dikwels eerder selfsug en eersug onder Christene as eensgesindheid en gerigtheid op mekaar?
- Wat gebeur as mense werklik ingestel is op mekaar se belange?
- Watter hindernisse bestaan wat keer dat ons werklik mekaar se belange op die hart dra?
- Hoe kan dit konkreet gebeur dat ons mekaar se belange beter op die hart sal kan dra?

##### **DIENSWERK:**

**5 MIN**

Dis belangrik vir elke kleingroep om mekaar se belange op die hart te dra. Wat kan julle as kleingroep in plek sit dat dit permanent gebeur?

**GEBEDSRIGLYN:****10 MIN**

Een van die terreine waar baie van ons lui is, is gebed. Ons weet dat ons meer moet bid en vir mense moet bid, maar ons doen dit nie. Neem 5 minute en praat met mekaar oor die redes daarvoor (indien julle dit nog nie hierbo gedoen het nie.) Hoe kan julle mekaar hierin help? Gee nou vir ELKEEN geleentheid om een sin hardop te bid na aanleiding van vandag se bespreking.

**ADMINISTRASIE:****5 MIN**

## 5. Wees eensgesind onder mekaar

### **VERWELKOMING:**

**5 MIN**

Gee vir elkeen kans om te vertel hoe dit met hulle gaan, maar onthou: dis 5 minute vir almal!

### **YSBREKER:**

**20 MIN**

- Hoe sou julle die verhouding tussen Jesus Christus en God die Vader beskryf?
- Wat beteken dit om in 'n huwelik EEN te wees (Genesis 2:24)?
- In watter ander verhoudings kan mens EEN wees?

### **AANBIDDING:**

**5 MIN**

Een van die maniere om te beleef dat mense EEN is, is deur naby mekaar te wees en aan mekaar te raak. Staan of sit naby mekaar in 'n kring en vat mekaar se hande. Word nou stil en beleef net die eenheid met God en met mekaar.

### **BYBELSTUDIE:**

**40 MIN**

Lees Romeine 15:5-6 en dan Johannes 17:20-21.

<sup>5</sup> En mag God, die bron van alle standvastigheid en bemoediging, gee dat julle eensgesind onder mekaar sal wees soos Christus Jesus dit wil hê. <sup>6</sup> Dan kan julle almal eensgesind uit een mond lof toebring aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus.

Lees nou ook in Johannes 17: 20-21 wat sê hoe "Christus Jesus dit wil hê":

<sup>20</sup> "Ek bid egter nie net vir hulle [*die elf dissipels*] nie, maar ook vir dié wat deur hulle woorde tot geloof in My sal kom. <sup>21</sup> Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.

- Laat elkeen sê wat hom/haar in hierdie gedeelte getref het.
- Waarom is dit vir Jesus so belangrik dat daar eenheid tussen sy volgelinge sal wees?
- Deur die eeue was een van die Bose se mees effektiewe wapens teen die Christendom om verdeeldheid te saai. Wat gebeur as daar verdeeldheid onder Christene in 'n gemeente of groep is?
- Wat is die verskil tussen eensgesind en eenders? Is daar ook 'n verskil tussen eensgesind en eendersdenkend?

Romeine 14:19: *“Laat ons ons dan beywer vir die dinge wat die onderlinge vrede en opbou bevorder.”*

Filippense 2:2: *“Maak dan nou my blydschap volkome deur eensgesind te wees: een in liefde, een van hart, een in strewe.”*

Efesiërs 4:3: *“Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe.”*

- Hoe help hierdie tekste om eensgesindheid te verduidelik?
- Wat is nodig dat daar werklik eensgesindheid tussen gelowiges sal wees?
- Wat is die verband tussen egte lof aan die drie-enige God en die eensgesindheid van gelowiges?

**DIENSWERK:**

**5 MIN**

Dis belangrik dat elke kleingroep ook liefde bewys buite die gemeente. Watter dienswerkprojek is julle mee besig buite die gemeente? Bespreek die vordering met mekaar. Indien julle nog nie 'n projek het nie, hoe gaan julle te werk gaan om een te kry?

**GEBEDSRIGLYN:**

**10 MIN**

As julle kan, sit of staan en hou mekaar se hande vas. Begin op een punt en gaan twee keer in die rondte om waar elkeen geleentheid het om te bid. Die eerste rondte sê ons dankie en die tweede rondte vra ons vir die Here.

(Indien iemand nie iets wil sê nie, kan hy/sy net die volgende persoon se hand druk om dit aan te dui.)

**ADMINISTRASIE:**

**5 MIN**

## 6. Help mekaar op die regte weg

### VERWELKOMING:

**5 MIN**

Gee vir elkeen kans om te vertel hoe dit met hulle gaan, maar onthou: dis 5 minute vir almal!

### YSBREKER:

**20 MIN**

- Hoe help jy mense wat op die verkeerde pad is reg?
- Hoe wil jy hê moet mense jou reghelp waar jy afdwaal?
- Wat is vir jou die moeilikste: om mense reg te wys of om reg gewys te word? Hoekom?

### AANBIDDING:

**5 MIN**

Laat elkeen die volgende vraag antwoord:

Die wonderlikste ding van God, is .....

Sing dan "O Heer my God" saam.

1. O Heer my God,  
as ek in eerbied wonder -  
en al u werke elke dag  
aanskou:  
die son en maan,  
die aarde, sterre, wolke,  
hoe U dit elke dag so  
onderhou...

Dan moet ek juig, my  
Redder en my God!  
Hoe groot is U; hoe groot  
is U!  
Want deur die hele  
skepping klink dit  
saam: hoe heerlijk, Heer, u  
grote Naam!

2. Ek sien die veld -  
die bosse, berge, vlaktes.  
Ek hoor hoe fluister

grasse, stroom en wind.  
O Heer, U sorg  
vir klein, vir groot, vir alles  
en U sorg dag na dag vir  
my, u kind.

Dan moet ek juig, my  
Redder en my God!  
Hoe groot is U; hoe groot  
is U!

Want deur die hele  
skepping klink dit  
saam: hoe heerlijk, Heer, u  
grote Naam!

3. U Seun word mens;  
in ons gebroke wêreld  
kom vestig Hy sy  
koningheerskappy.  
Hy maak weer heel

wat sonde hier gebreek  
het.

Hy bring weer hoop  
en redding - ook vir my.

Dan moet ek juig, my  
Redder en my God!  
Hoe groot is U; hoe groot  
is U!

Want deur die hele  
skepping klink dit  
saam: hoe heerlijk, Heer, u  
grote Naam!

4. U maak ons deel van al  
u grootse werke.

U laat ons bid, Heer, dat u  
ryk mag kom.

En kom U weer, in  
heerlikheid op wolke,

maak U volkome nuut u  
eiendom.

Dan moet ek juig, my  
Redder en my God!  
Hoe groot is U; hoe groot  
is U!

Want deur die hele  
skepping klink dit  
saam: hoe heerlijk, Heer, u  
grote Naam!

Lees Romeine 15:14 en Galasiërs 6:1-2.

Romeine 15:14: "My broers, ek is self maar alte bewus dat julle vol goeie hoedanighede is en omvattende kennis besit, en dat julle mekaar self op die regte weg kan help."

Galasiërs 6:1 "Broers, as iemand in die een of ander sonde val, moet julle wat julle deur die Gees laat lei, so iemand in 'n gees van sagmoedigheid reghelp. En pas op: jy kan self ook in versoeking kom. <sup>2</sup> Dra mekaar se laste, en gee op dié manier uitvoering aan die wet van Christus."

- Laat elkeen sê wat hom/haar in hierdie gedeelte getref het.
- Hoekom is dit 'n uitvoering van Jesus se liefdesgebod as ons mekaar reghelp as een in sonde val?
- Hoekom is hierdie een van die moeilikste dinge vir Christene en groepe om te doen?
- Vir watter slaggate moet mens versigtig wees?
- Waarom is "goeie hoedanighede" so belangrik om mekaar wanneer Christene mekaar op die regte weg help (vermaan)?
- Waarom is "omvattende kennis" ook daarvoor nodig?
- Hoekom is 'n gees van sagmoedigheid en nederigheid belangrik?
- Waarom, dink julle, verwys Paulus hier na die gelowiges as mense wat hulle deur die Gees laat lei?
- Hoe moet die verhoudings in 'n groep wees voor ons mekaar kan op die regte weg kan begin help?
- Is hierdie 'n saak waarin die groep behoort te groei? En hoe doen mens dit?

Besprek julle dienswerkprojek buite die gemeente.

**GEBEDSRIGLYN:****10 MIN**

Bespreek met mekaar die volgende:

- Wat wil julle na hierdie gesprek bely?
- Waaroor wil julle roem?
- Wat wil julle vra?

Bespreek dan met mekaar hoe julle dit nou gaan doen.

**ADMINISTRASIE:****5 MIN**

## 7. Verdra mekaar

### **VERWELKOMING:**

**5 MIN**

Gee vir elkeen kans om te vertel hoe dit met hulle gaan, maar onthou: dis 5 minute vir almal!

### **YSBREKER:**

**20 MIN**

- Wie/wat maak jou die kwaadste in die lewe?
- Met watter tipe mense is dit vir jou die moeilikste om saam te lewe?
- Beskeie, vriendelik, geduldig, verdraagsaam: Watter een van hierdie vier is jy die beste mee? En met watter een sukkel jy die meeste?

### **AANBIDDING:**

**5 MIN**

Ons bely so maklik sondes in die algemeen, maar so moeilik spesifiek. Gee nou 3 minute van stilgebed waar elkeen sy/haar sondes teenoor die Here kan bely. Dink aan jou sondes van vandag en daardie deurlopende sondes is jou lewe. Wees spesifiek!

Terwyl almal se oë toe is, laat 1 persoon 1 Johannes 1:8 en 9 voorlees:

As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onself en is die waarheid nie in ons nie. <sup>9</sup> Maar as ons ons sondes bely-Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid.

### **BYBELSTUDIE:**

**40 MIN**

Lees Efesiërs 4:1-5

Ek druk julle dit op die hart, ek wat 'n gevangene is omdat ek die Here dien: Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het. <sup>2</sup> Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde. <sup>3</sup> Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe. <sup>4</sup> Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het. <sup>5</sup> Daar is net één Here, één geloof, één doop, <sup>6</sup> één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon.

- Laat elkeen sê wat hom/haar in hierdie gedeelte getref het.

- Paulus praat hier van 'n lewenswandel wat in ooreenstemming is met die roeping wat julle van God ontvang het. Wat is hierdie roeping (in algemene terme)? En in meer spesifieke terme in jou lewe?
- Kyk hoe koppel hy in die gedeelte gedagtes aan mekaar: beskeidenheid, vriendelikheid, verdraagsaamheid, om in vrede met mekaar te leef en die eenheid te bewaar. Wat is die doel van dit alles? Hoe pas verdraagsaamheid by dit alles in?
- Wanneer moet mens bereid wees om 'n medegelowige se swakhede te verdra en wanneer moet jy met iemand praat (mekaar reghelp/vermaan)?
- Ons sê dikwels “soort soek soort” en bedoel daarmee dat mense wat gemaklik by mekaar pas en aanklank vind, mekaar se geselskap opsoek. Ondermyn hierdie idee nie die hele beginsel van 'n INKLUSIEWE geloofsgemeenskap wat plek maak vir almal nie?
- Hoekom is dit belangrik dat daar staan, “verdra mekaar IN LIEFDE”?
- Hoe groei mens in verdraagsaamheid?

**DIENSWERK:**

**5 MIN**

Bespreek julle dienswerk buite die gemeente.

**GEBEDSRIGLYN:**

**10 MIN**

Gee vir elkeen 'n stukkie papier. Deel dan met mekaar waarvoor jy dankbaar is in jou lewe. Laat elkeen minstens 10 dinge opnoem en neerskryf. Gee dan geleentheid vir elkeen om in stilte vir die Here daarvoor dankie te sê.

**ADMINISTRASIE:**

**5 MIN**

## 8. Vergewe mekaar

### VERWELKOMING:

**5 MIN**

Gee vir elkeen kans om te vertel hoe dit met hulle gaan, maar onthou: dis 5 minute vir almal!

### YSBREKER:

**20 MIN**

- Hoe verstaan jy die woord "VERGEWE"?
- Wat is vir jou die moeilikste om te vergewe?

### AANBIDDING:

**5 MIN**

In ons gejaagde lewe van vandag kry ons so min kans om net stil te word en na die Here te luister. Gee nou 3 minute van stilte daarvoor. Die doel is nie om te dink of te bid nie, maar net stil te word en te beleef. Deel met mekaar na die tyd julle gewaarwordinge.

### BYBELSTUDIE:

**40 MIN**

Lees Kol 3:13-15

<sup>13</sup> Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe. <sup>14</sup> Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind. <sup>15</sup> En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee. God het julle immers geroep om as lede van een liggaam in vrede met mekaar te lewe.

- Laat elkeen sê wat hom/haar in hierdie gedeelte getref het.
- Wat tref jou uit hierdie gedeelte?
- Lees die oorsprong van die woord "vergewe":

O.E. *forġiefan* "give, grant, allow; forgive," also "to give up" and "to give in marriage;" from *for-* "completely" + *giefan* "give". The modern sense of "to give up desire or power to punish" is from use of the compound as a Germanic loan-translation of L. *perdonare* (cf. O.S. *fargeban*, Du. *vergeven*, Ger. *vergeben*, Goth. *fragiban*)

Stem julle hiermee saam?

- Wat het geduld en vergifnis met mekaar te doen?

- Waarom staan daar “soos die Here julle vergewe **HET**”? Wanneer HET Hy vergewe? Hoe HET die Here jou vergewe?
- In hierdie gedeelte praat hy daarvan dat “die een iets teen die ander” kan hê. Wanneer is jy geneig om iets teen iemand ander te hou?
- Wat gebeur met jou as jy iemand nie vergewe nie?
- Moet die persoon wat verkeerd opgetree het eers om verskoning of vergifnis vra voor dit nodig is om hom/haar te vergewe?
- Waarom, dink julle, is dit vir God so belangrik dat ons mekaar sal vergewe?
- Wat kan mens doen as jy sukkel om iemand anders te vergewe?
- In Kolossense praat hy baie oor VREDE. Hoe pas vrede en vergifnis by mekaar?

**DIENSWERK:**

**5 MIN**

Julle kleingroep behoort nou 2 projekte te hê: 1 in die gemeente en 1 buite die gemeente. Bespreek dit met mekaar.

**GEBEDSRIGLYN:**

**10 MIN**

Op watter kreatiewe manier kan julle vandag bid? Bespreek dit en doen dit dan.

**ADMINISTRASIE:**

**5 MIN**

## 9. Bemoedig mekaar

### **VERWELKOMING:**

**5 MIN**

Gee vir elkeen kans om te vertel hoe dit met hulle gaan, maar onthou: dis 5 minute vir almal!

### **YSBREKER:**

**20 MIN**

- Wat is die beste kompliment wat jy onlangs gekry het?
- Wat doen jy om beter te voel as jy bietjie moed verloor het?
- Hoe bemoedig jy mense?

### **AANBIDDING:**

**5 MIN**

Laat iemand Johannes 6:33-36 twee keer deurlees. Gee 'n minuut stilte tussen die twee voorlesings.

<sup>33</sup> Die brood wat God gee, is Hy wat uit die hemel kom en aan die wêreld die lewe gee." <sup>34</sup> Hulle sê toe vir Hom: "Meneer, gee ons tog altyd hierdie brood." <sup>35</sup> Maar Jesus sê vir hulle: "Ek is die brood wat lewe gee. Wie na My toe kom, sal nooit weer honger kry nie, en wie in My glo, sal nooit weer dors kry nie. <sup>36</sup> Maar wat julle betref, Ek het reeds gesê: Julle sien My, en tog glo julle nie in My nie.

Gee nou 3 minute stilte waartydens daar geleentheid is vir groeplede om spontaan hardop te bid na aanleiding van hierdie gedeelte.

### **BYBELSTUDIE:**

**40 MIN**

Lees 2 Korintiërs 1:3-6

<sup>3</sup> Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy is die Vader wat Hom ontferm en die God wat in elke omstandigheid moed gee. <sup>4</sup> In elke moeilikheid bemoedig Hy ons. Daarom kan ons ook ander bemoedig wat in allerlei moeilikhede verkeer. Ons kan hulle bemoedig met dieselfde bemoediging waarmee God ons bemoedig, <sup>5</sup> want net soos daar vir ons 'n oorfloed van lyding is ter wille van Christus, is daar ook vir ons 'n oorfloed van bemoediging deur Christus. <sup>6</sup> As ons dus in beproewing kom, is dit dat julle bemoedig en gered kan word. As ons bemoedig word, is dit om julle te

bemoedig en te versterk, sodat julle met geduld dieselfde lyding kan verduur wat ons ook verduur.

- Laat elkeen sê wat hom/haar in hierdie gedeelte getref het.
- Kyk bietjie mooi hoe werk die ketting van bemoediging. Wat sê dit vir jou?
- Waarom is dit so belangrik dat ons mekaar sal bemoedig?
- Is bemoediging net nodig wanneer medegelowiges ly of teenstand beleef?
- Hoekom is dit vir party mense moeiliker om woorde van bemoediging te sê as woorde van kritiek?
- Hoe laat dit jou voel as iemand jou bemoedig?
- Is daar dinge in jou eie lewe waarvoor jy bemoediging nodig het?
- Vra hierdie opdrag 'n aanpassing in die groep se manier van funksionering?

**DIENSWERK:**

**5 MIN**

Een van die beste maniere om te bemoedig is om iemand se gawes te erken en ruimte te gee om dit uit te leef. As julle nog nie het nie, besluit wie in julle kleingroep die leiers sal wees in:

- Julle sosiale skakeling
- Julle administrasie
- Julle dienswerk
- Julle gebed en aanbidding

Wat sou elke leier se verantwoordelikheid wees en hoe gaan julle as kleingroep dit aanpak?

**GEBEDSRIGLYN:**

**10 MIN**

Vorm 'n kring en laat elke persoon tot die Here bid vir die persoon aan sy/haar linkerkant. Dit kan danksegging, voorbidding en smeking insluit.

**ADMINISTRASIE:**

**5 MIN**

## 10. Ander mekaar tekste

### **VERWELKOMING:**

**5 MIN**

### **YSBREKER:**

**20 MIN**

- Gee vir elkeen kans om te sê wat hy/sy sien as julle groep se sterk- en swakpunte.
- Wat is jou behoefte van hierdie kleingroep?

### **AANBIDDING:**

**5 MIN**

Gee vir julle gebed- en aanbiddingsleier geleentheid om julle hierin te lei.

### **BYBELSTUDIE:**

**40 MIN**

Lees die volgende mekaar-tekste:

#### EENHEID

Romeine 12:16-18 Wees eensgesind onder mekaar. Moenie hooghartig wees nie, maar skaar julle by die nederiges. Moenie eiewys wees nie. <sup>17</sup> Moenie kwaad met kwaad vergeld nie. Wees goedgesind teenoor alle mense. <sup>18</sup> As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense.

1 Korintiërs 12:24-26 God het die liggaam so saamgestel dat Hy groter eer gegee het aan die lid wat eer kortkom, <sup>25</sup> sodat daar nie verdeeldheid in die liggaam sou wees nie, maar dat die lede gelyke sorg vir mekaar dra. <sup>26</sup> As een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word, is al die lede saam bly.

#### LIEFDE ALGEMEEN

1 Tessalonisense 3:12 En mag die Here julle liefde vir mekaar en vir alle mense laat groei en oorvloedig maak, net soos ons liefde vir julle.

1 Tessalonisense 4:9 Oor broederliefde hoef ons nie aan julle te skrywe nie, want julle is self deur God geleer om mekaar lief te hê.

1 Petrus 1:22 Noudat julle julle in gehoorsaamheid aan die waarheid gereinig het om mekaar as broers ongeveins lief te hê, moet julle mekaar dan ook van harte en vurig liefhê.

1 Johannes 3:11 Dít is immers die boodskap wat julle van die begin af gehoor het: Ons moet mekaar liefhê.

#### SPESIFIEKE LIEFDE

Gal. 6:2 Dra mekaar se laste, en gee op dié manier uitvoering aan die wet van Christus

Efesiërs 5:21 Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig.

1 Tessalonisense 5:11 Praat mekaar moed in en versterk mekaar dan met hierdie woorde, soos julle trouens reeds doen.

Hebreërs 10:24 Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade.

Jakobus 5:16 Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking.

#### AANVAARDING EN VERDRAAGSAAMHEID

Romeine 15:7 Aanvaar mekaar dan, soos Christus julle ook aanvaar het, tot eer van God.

#### VERGEWE

Efesiërs 4:32 Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het.

## VERMANING

Kolossense 3:16 Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. Leer en onderrig mekaar met alle wysheid. Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing.

## VERMY DIT

Romeine 14:13 Laat ons mekaar dan nie meer veroordeel nie. Neem julle liever voor om niks te doen wat jou broer kan aanstoot gee of tot 'n val kan bring nie.

Galasiërs 5:26 Ons moenie verwaand wees, mekaar uittart of op mekaar afgunstig wees nie.

1 Tessalonisense 5:15 Sorg dat niemand 'n ander mens kwaad vir kwaad vergeld nie. Beywer julle liever altyd vir die belange van julle medegelowiges en van alle mense.

Jakobus 4:11 Moenie van mekaar kwaad praat nie

Jakobus 5:9 Moenie oor mekaar kla nie, broers, sodat julle nie veroordeel word nie. Die Regter staan al voor die deur.

- Laat elkeen sê watter teks hom/haar getref het.
- Wat leer julle uit elke teks?
- Watter verandering gaan jy in jou lewe maak na aanleiding van hierdie 10 studies oor MEKAAR?
- Watter verandering gaan julle as groep maak?

## **DIENSWERK:**

**5 MIN**

Gee vir elke leier in julle kleingroep (kleingroepleier, dienswerk, sosiaal, administrasie, gebed- en aanbidding) geleentheid om bietjie oor elke faset te gesels. Hoe gaan dit? Hoe gaan julle vorentoe daarmee?

**GEBEDSRIGLYN:**

**10 MIN**

Gee vir julle gebed- en aanbiddingsleier geleentheid om julle hierin te lei.

**ADMINISTRASIE:**

**5 MIN**

Wat gaan julle volgende in julle kleingroep bespreek?

## **Kleingroepbediening**

Predikante:

Reynold Fourie

Sel: 0847076276

Epos: [reynold@gkbo.org.za](mailto:reynold@gkbo.org.za)

Reinder Kingma

Sel:0848272443

Epos: [reinder@gkbo.org.za](mailto:reinder@gkbo.org.za)

Gemeentekantoor:

Jenny Gerber

Tel: 0219194303

Epos: [admin@gkbo.org.za](mailto:admin@gkbo.org.za)